Wat is die doel van hierdie dokument?

Hierdie brosjure voorsien u as 'n potensiële belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP) met 'n agtergrondsbeskrywing van die voorgestelde Eskom Garona-Aries Hoogspanningskraglyn in die Noord-Kaapprovinsie. Dit lig u ook in oor die vordering van die Omgewingsimpakstudie (OIS)-proses (om ingevolge OIS-regulasies onderneem te word). Openbare Deelname maak 'n integrale deel van die OIS-proses uit en die verspreiding van hierdie dokument is 'n noodsaaklike stap wat aandui hoe u by die proses betrokke kan raak. Die deel van inligting (en betydse kennisgewings op voortgesette grondslag) vorm die basis van hierdie proses. Openbare Deelname bied aan u die geleentheid om inligting te bekom en kommentaar te lewer of aangeleenthede te opper wat u mag raak.

Openbare Deelname aan die OIS Proses

Alle B&GP's sal die geleentheid gebied word om hul knelpunte te toon, om te bevestig dat hul aangeleenthede geëvalueer is en om kommentaar te lewer oor dokumentasie wat tydens hierdie proses saamgestel is. Die aangeleenthede wat deur die publiek geopper is, asook die bevindings van die OIS, sal deur die toepaslike owerhede oorweeg word. Hierdie Agtergrondinligtingsdokument (AID) verskaf inligting oor die voorgestelde projek, die OIS-proses (en die Openbare Vergaderings) en nooi die publiek uit om kommentaar te lewer. U kommentaar sal verseker dat alle relevante aangeleenthede geëvalueer en oorweeg word in die OIS-proses.

Agtergrond oor die Voorgestelde Projek

Ligging

Die voorgestelde 400kV Hoogspanningskraglyn sal opgerig word tussen die bestaande Garona (28°44'20.0"S; 21°59'44.998"O) en Aries (29°29'38.68"S; 20°47'40.59"O) substasies in die Noord-Kaapprovinsie (verwys na liggingskaart op keersy). Die Aries substasie is ongeveer 45 km suidsuidwes van die dorp Kenhardt en die Garona substasie is ongeveer 17 km noord van Groblershoop.

Afbakening van die Studiegebied

Geen finale roete is nog vasgestel nie. Ten einde dus te verseker dat die uiteindelike roete lei tot minimale inpak op die biofisiese en sosio-ekonomiese omgewing in die streek, is 'n breë studiegebied afgebeeld om voorsiening te maak vir 'n reeks van moontlike roetes. Die studiegebied bestaan uit 'n 15 km buffersone aan beide kante van die direkte lyn tussen die twee substasies (aangedui met 'n blou stippellyn op die meegaande kaart).

Motivering vir die nuwe hoogspanningslyn

Weens die toenemende behoefte aan meer elektrisiteit, kan die vraag daarna die aanbod teen 2009 oorskry. Omdat elektrisiteit nie geberg kan word nie, moet dit op aanvraag opgewek word. Daarom moet langtermyn opsies geïdentifiseer word ten einde aan die vraag te voldoen.

Kliëntelading in die Noord-Kaap

Die Kaapse 400kV Hoogspanningstelsel in die Noord-Kaap ondersteun kliënteladings in die Suid-Kaap, Weskus, Skiereiland en Namakwaland se ladingsentrums. Plaaslike opwekking in die Kaapstreek is beperk tot die Koeberg Kernkragentrale. Vir tyd en wyl is Koeberg se verrigting nog bevredigend, maar dit sal in die toekoms (onbekend op hierdie stadium) die einde van sy bedryfleeftyd bereik. Dit moet ook in ag geneem word wanneer die netwerk ontwikkel word.

Verwagte groei en instandhouding

Die voorspelde toename in die vraag na elektrisiteit is gegrond op toenemende elektrifisering, asook benutting deur spoorvervoer en kommersiële ontwikkeling.
Gevolglik raak die bestaande Hoogspanningslyne swaar belas en daar word voorspel dat hulle baie binnekort hul volle kapasiteit sal bereik. Hierdie Hoogspanningslyne kan nie in die langtermyn aan die verhoogde normale ladingsaanvraag voorsien nie.
Voorts, wanneer een lyn uit bedryf is, moet die ander lyne die volle lading dra. Dit maak dit moeilik om gereelde instandhouding te doen, aangesien die toestand van die lyne wat in bedryf is, kan agteruitgaan, wat swak lynverrigting (soos foute) tot gevolg kan hê. Instandhouding van die lyn sal op gereelde grondslag (jaarliks) onderneem word deur gebruik te maak van 'n voorgestelde gruispad langs die lyn. Eskom sal van die betrokke grondeienaars toestemming verkry voor enige instandhouding onderneem word.

Beskrywing van die steunstrukture vir die Hoogspanningslyn

'n Keuse van tipiese strukture word in Figuur 1 weergegee en voorsien 'n basiese afbeelding van die toringontwerpe wat gebruik gaan word. Oor die algemeen sal Vrystaande maste gebruik word vir die draaie in die lyn, terwyl die Dwarshangkabeltoring tipies gebruik word vir die reguit gedeeltes. Dit is belangrik om daarop te let dat die uiteindelike torings wat gebruik gaan word, nog nie vasgestel is nie.

Oorweging van alternatiewe vir die projek

Die keuse van potensiële alternatiewe sal ingelig word deur gefokusde besprekings met die owerhede en B&GP's gedurende die omvangfase. Die Tswelopele Omgewingspan (onafhanklike omgewingskonsultante) sal omgewingsaangeleenthede en identifisering van billike alternatiewe hersien en daaroor adviseer.
Die projekspan ondersoek tans alle moontlike roete-opsies tussen die Garona en Aries substasies. Gedurende die omvangfase sal insette ingesamel word van alle toepaslike spesialiste en 'n voorkeurroete sal voorgestel word, asook voorsiening vir alternatiewe vir sensitiewe omgewings- en sosio-ekonomiese terreinbakens.
Die volgende reeks alternatiewe sal oorweeg en bespreek word in terme van hul uitvoerbaarheid en lewensvatbaarheid:

- Alternatiewe aanvraag (kan daar deur alternatiewe middele aan die aanvraag vir die Hoogspanningslyn voldoen word?);
- Alternatiewe proses (alternatiewe tegnologie of toerusting);
- Alternatiewe skedulering (opvolg- of fraseringsalternatiewe);
- Ontwerp alternatiewe; en
- Verbode alternatiewe.

Baie van die bogenoemde alternatiewe kan in die projekvoorstel (projekbeskrywing) ingelyf word en sodoende sou dit nie as afsonderlike alternatiewe geëvalueer word nie.

Wat is die potensiële sake vir oorweging?

Na aanvanklike ondersoeke en gesprekke met die owerhede, word die volgende potensiële impakte (beide positief en negatief) verwag en sal dit verder ondersoek word gedurende hierdie Omgewingsimpakstudie (OIS):
Die belangrikste omgewingsake wat ondersoek sal vereis, is die volgende:

- Impak van die oprigting van die lyn op fauna en flora, insluitend spesifieke fokus op voëllewe met betrekking tot die hoogspanningslyn;
- Uitwerking op vleigebiede langs die voorgestelde roete sal ook ondersoek word. Die voorgestelde roete loop deur twee groot riviere (die Oranjerivier naby Groblershoop en die Hartbeesrivier naby Kenhardt);
- Impak op terreine van moontlike geskiedkundige belang;
- Visuele impak van die hoogspanningskraglyn;
- Maatskaplike Impakstudie;
- Impak van die hoogspanningslyn en substasie op toerisme; en
- Impak op benutting van omliggende grond.

Figuur 1:
Skemadiagramme toon die moontlike toringontwerpe wat gebruik gaan word:
(a) Dwarshangkabeltoring (36m hoog),
(b) Vrystaande mas (30m hoog) en
(c) Geankerde-draagmas (33m hoog).







Kontakbesonderhede:
Me Jayshree Govender
Tswelopele Environmental
E-pos: jayshree@eims.co.za
Faks: (011) 787-3059
Tel: (011) 789-7170
of
Mnr Andre Zanoli
Tswelopele Environmental
E-pos : andre@eims.co.za
Faks: (011) 787-3059
Tel: (011) 789-7170
Posbus 2083, Pinegowrie, 2123

Tswelopele Environmental

Eskom

Agtergrondinligtingsdokument en uitnodiging vir kommentaar

OMGEWINGS-IMPAKSTUDIE (OIS) VIR DIE VOORGESTELDE ESKOM GARONA-ARIES HOOGSPANNINGS-KRAGLYN